

Wees dankbaar.

Teks: Lukas 17:11-19

Hulpmiddels:

- ◆ Klein ronde plakkers
- ◆ Toilet papier
- ◆ Sandboks
- ◆ Prent van Jesus vir sandboks
- ◆ Driehoek gevaar-teken (soos padteken)
- ◆ 10 “Melaatse” toiletrolpoppies met verbande wat kan afkom gedurende die vertelling
- ◆ Gebruik die naambordjies wat voorsien word en plak elkeen op ‘n stokkie vir die sandboks



WELKOM

Kolletjie Aan-Aan: Deel vir elke groepslid ‘n velletjie met 5 klein ronde plakkers uit. (Maak seker almal het dieselfde hoeveelheid.) Verduidelik aan hulle dat julle nou “aan-aan” gaan speel met ‘n paar verskille. Verduidelik vooraf goed aan die groep waar die area is waar hulle mag hardloop vir die speletjie. Almal gaan gelyktydig “aan” wees. Die doel van die speletjie is nie om aan mekaar te raak nie, maar eerder om te kyk hoeveel kolletjies jy op ander kan plak terwyl jy self probeer vermy om enige kolletjies op jou te kry. As jou kolletjies op is, kan jy nog steeds weghardloop vir die ander se kolletjies. Laat die groep vir ‘n paar minute rondhardloop voor jy hulle stop. Die een met die minste kolletjies, is die wenner.

Toiletpapierverbande: Verdeel die groep in kleiner groepe. Elke groep kry ‘n rolletjie toilet papier. Kies een persoon uit elke groep wat die “melaatse” kan verteenwoordig. Die res van die groep moet dan daardie persoon in toilet papier-“verbande” toedraai. Kyk watter groep die vinnigste hulle “melaatse” persoon in verbande kan toedraai. (Vermy die gesig ter wille van kinders wat moontlik engtevrees het.)



WYDING

Doen die **stilwoord-ritueel** en sing die **temalied** waarop julle besluit het in ontmoeting 21.



WOORD

Ons gaan in vandag se ontmoeting hoor van melaatse mans. Melaatsheid is ‘n baie aansteeklike siekte waar mense se liggame vol sere is. Dit is destyds gesien as ‘n onrein siekte en mense met hierdie siekte is uit die stad verban. Niemand mag met hulle kontak gemaak het nie. As iemand aan hulle geraak het, het hulle ook die siekte gekry.

(Druk vooraf die dorpies se name elkeen in ‘n hoek van die sandboks. Agter in die middel kom die driehoekteken wat aandui dat daar melaatses is. Wys vir die kinders die toiletrolpoppie wat Jesus voorstel. Wys die ander [melaatse] poppies wat onder die gevaarteken lê. Hulle het verbande om.)

Op pad na Jerusalem toe, het Jesus deur Samaria en Galilea gestap. *(Beweeg die Jesus-figuur vanaf Samaria na Galilea en dan naby die driehoek-gevaarteken verby.)*

Naby een van die dorpies het 10 melaatses na Hom toe gekom. Hulle het verbande om hulle gehad omdat hulle melaats was. *(Tel saam met jou helper die 10 melaatse poppies op en beweeg hulle nader aan Jesus.)*

Hulle mag nie tussen ander mense gebly het nie. Hulle het ‘n ent van Jesus af gaan staan. Hulle roep toe

hard uit: “Here, kry ons asseblief jammer!”

Jesus sê vir hulle: “Gaan na ‘n priester toe. Hy sal sien dat julle gesond is.” (*Laat die 10 melaatses begin beweeg na die naaste dorpie toe.*)

Op pad soontoe het hulle gesond geword. (*Haal die verbande af en laat 9 poppies agter een van die dorpies se tekens gaan staan.*)

Een van hierdie mans, ‘n Samaritaan, was so bly hieroor dat hy oor en oor vir God dankie gesê het. (*Laat die tiende poppie na Jesus beweeg en op sy gesig neerval.*)

Hy het vol blydschap voor Jesus neergeval. Toe sê Jesus vir hom: “Daar is mos 10 van julle wat gesond geword het. Waar is die ander nege? Hoekom sê hulle nie vir God dankie soos jy nie? Staan op en gaan terug na jou mense toe. (*Laat die poppie regop kom en Samaria toe hardloop.*) Omdat jy geglo het, het God jou gered!”

Die kinders kry nou tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe dit voel om melaats te wees.
2. Ek wonder hoekom het net een van die mans dankie gesê.
3. Ek wonder hoekom het die ander 9 mans nie kom dankie sê nie.
4. Ek wonder waarvoor is jy alles dankbaar.




WERSKAF


- ✍ Konsertina mannetjies of reghoekige dankbaarheidskonsertina
- ✍ Vul die ontbrekende woorde in en maak jou eie behangsel. Dit gaan jou help om te onthou waarvoor jy kan dankie sê. (Vir ouer kinders.)
- ✍ Maak jou eie melaatse mannetjie van ‘n toiletrol.
- ✍ 10 dankbare vingertjies. Skryf in elke vinger iets waarvoor jy dankbaar is. Jonger kinders kan prentjies teken. Die leier kan ook verskeie prentjies bring wat die kinders kan opplak.


Seënbede:

Sluit af met die seënbede soos by ontmoeting 21.



Luk 17:15 " Een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys."





Laat die kinders gesiggies teken op die punte van die vingers. Dit herinner hulle aan die 10 melaatse mans.
Ons moet onthou om dankbaar te wees. Skryf in elke vinger iets waarvoor jy dankie sê.

